Hoërskool Framesby
HANDHAAF EN BOU

FAKKEL-FLITSE

Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!

Kontakbesonderhede: **nuusbrief@framesby.co.za**

Uitgawe 71: 9 Desember 2015

KERSBOODSKAP UIT DIE KANTOOR

Met 'n terugblik op 2015 staan mens verstom oor al die mooi hoogtepunte en uitstaande prestasies van die afgelope jaar. Ek glo dat ons entoesiastiese personeel en ondersteunende ouers 'n daadwerklike verskil maak aan die prestasies en ontwikkeling van ons kinders.

Aan die einde van hierdie jaar word 'n baie groot persentasie leerders bevorder na die volgende Graad. Dit span die kroon op volgehoue harde en deeglike werk - baie geluk aan elkeen. Daar is ook diegene wat nie die vereistes behaal het nie en wat volgende jaar hul Graad moet herhaal. Elkeen moet hand in eie boesem steek en hulself afvra: "Wat was my bydrae tot die jaar se vordering" alvorens die skool, gerieflikheidhalwe, blameer word vir wanprestasie van leerders.

Ons wil Framesby ontwikkel in 'n skool van uitnemendheid waar norme en waardes voorrang kan geniet en waar elke ouer en leerder met trots kan sê: ***"Ons het die beste skool".***

ONS WIL AAN ALLE LEERLINGE, OUERS EN VRIENDE VAN HOËRSKOOL FRAMESBY 'N GESEËNDE KERSTYD TOEWENS. MAG DIE NUWE JAAR NET DIE BESTE VIR ELKEEN INHOU.
SKOOLHOOF EN PERSONEEL

GROOT "GESKENK" VAN DIE DEPARTEMENT!!

MOET ASB. NIE SKRYFBEHOEFTES KOOP NIE!

Die Departement van Onderwys het ons in die afgelope week totaal verras toe skryfbehoeftes vir die hele skool hier afgelewer is. Elke leerder sal aan die begin van 2016 'n pak ontvang bestaande uit A4-hardeband-skryfboeke, A4-sagteband-oefeningboeke, boeke vir Rekeningkunde, potlode, uitveër, 'n Wiskunde-tekenstelletjie, penne, "Prit" en selfs 'n basiese sakrekenaar vir die junior grade. Die hele pakket behoort voldoende te wees vir die hele jaar. Verder is daar ook tekenstelle vir IGO. Die Graad 10's vir 2016 hoef dus nie 'n tekenstel aan te koop nie! U word dus aangeraai om NIE nou enige skryfbehoeftes aan te koop nie. Die waarde van elke pakket kan 'n paar R100 beloop.

Die Departement het ook 'n rugsakkie vir elke leerder voorsien waarin hierdie pakkie boeke huistoe geneem kan word. Die hele proses sal in die eerste week afgehandel word.
Op die foto hiernaas is die basiese pakkie vir die Senior Grade

Mag dit 'n WONDERLIKE Feestyd vir elkeen in die Framesby-familie wees!
Mag die Here ons almal ryklik seen!

VERJAARDAE HIERDIE WEEK

Hieronder is die lys van leerders wat hierdie week verjaar. Die volledige vakansielys is op die volgende bladsy. Baie geluk!

Saterdag 5 Desember
Anri Nielsen 9B

Sondag 6 Desember
Nicole Claassen 9B

Maandag 7 Desember
Shafiek Ismail 10D
Dillon McCay 11C
Michael Randall 8F
Litesta Vermeulen 11C

Dinsdag 8 Desember
Divan Bessinger 10A
Kayla Bester 9G
Roché Meiring 9F
Armin Swartz 11D
Anri van Aswegen 10C

Woensdag 9 Desember
Tommie Adlam 12
William Moffat 8D
Ciska van Eyk 12D

Donderdag 10 Desember
Arno Jacobs 11C
Lishe lategan 10F

Vrydag 11 Desember
Anjelieke Ferreira 11E
Lara Foreman 10F
Helmuth Heydenrych 11A
Naidoo Mbangi 8F
Adriaan Wasserman 9A

VAKANSIEVERJAARDAE

Om in die vakansie te verjaar wanneer jy nog op skool is, is nie noodwendig altyd die beste vooruitsig nie, want jou pêlle is nie noodwendig in die omgewing wanneer die groot dag aanbreek nie. Gelukkig het ons deesdae selfone en hoef ons nie regtig alleen te voel nie! Baie geluk aan almal op die lys hieronder. Geniet die dag!

Saterdag 12 Desember
Nicole Addinall 8D
Marno Odendaal 8E

Sondag 13 Desember
Dalziel Cronje 11C

Maandag 14 Desember
Ru-Juan Gerber 11B
Atriël Keyser 10B
Carla Viviers 11D

Dinsdag 15 Desember
Ashley Webber 12G

Woensdag 16 Desember
Leo Hoekstra 12E
Olivia Kotze 12C

Donderdag 17 Desember
Ramón Marcé Blignault 9F
Anneke Eybers 11G
Riyaad Ismail 12G

Vrydag 18 Desember
Dillan Esterhuizen 8E
Runé Groenewald 9D
Nina Olivier 12A

Saterdag 19 Desember
Maritana du Toit 11G

Sondag 20 Desember
Zander Botha 9E
Ruan Smit 9D
Chrismaré Swanepoel 12C

Maandag 21 Desember
Melissa Goosen 8C
Jan-Hendrik van Zyl 12C

Dinsdag 22 Desember
Onica Meyer 8A

Woensdag 23 Desember
Tian Botha 8G
Carla van Niekerk 12F

Donderdag 24 Desember
Wéhan Boshoff 11B

Vrydag 25 Desember
Natasha Sauer 11B
Amoré terblanche 9C

Saterdag 26 Desember
Divan Momberg 9G
Franco Pretorius 9B

Sondag 27 Desember
Shania Schutte 10C

Maandag 28 Desember
Kayleigh Erasmus 8B
Esmarelda Steenkamp 8B
Anro Swart 11B

Dinsdag 29 Desember
Marcelle Janse v Rensburg 11G
Divan Köhne 11D
Donné Lee 11F
Marco Meiring 9A
Jessi-Lee Minnie 12D

Woensdag 30 Desember
Nucarla Varnfield 8B

Donderdag 31 Desember
Geen

Vrydag 1 Januarie
Megan Keyter 11A
Dylan Martin 11D
Dewald Peens 12F
Liza-Marli Swanepoel 10E
Chrismari van der Merwe 9D

Saterdag 2 Januarie
Heidi Botha 10F
Christopher Browne 12A
Sheldon Moran 12F
Christopher Pace 8D
Tiaan Smith 8E
Kaylen Strydom 8D

Sondag 3 Januarie
Gihahn Abrahams 8A
Tinita gerber 12E
Nikyla Koen 8F
Carisa van Zyl 11E

Maandag 4 Januarie
Dewald Klinkenburg 8
Samantha Nel 12G
Hershell Windvogel 9B

Dinsdag 5 Januarie
Tara Janse van Rensburg 8C
Brendan Opperman 9B
Zandri Rossouw 11E
Willie van der Merwe 11E
Hielke van Zyl 11E

Woensdag 6 Januarie
Warren Bower 11D
Jason Kaufman 11E
Louis Koen 12D
Surien Oosthuizen 10D

Donderdag 7 Januarie
Bianca Ehlers 9F
Madri Krüger 12C

Vrydag 8 Januarie
Moneeb-Amien Jeftha 8E

Saterdag 9 Januarie
Mark Liebenberg 12C
Mieke Nel 8F
Lodene Slabbert 12G
Cornelius Stander 11C
Juan van Biljon 10E
Helené Wiehart 8G

Sondag 10 Januarie
Francois Kruger 11G
Waldo Venter 8C

Maandag 11 Januarie
Demaine Januarie 9A
Franco van Graan 10F

Dinsdag 12 Januarie
Mandy Butcher 12A
Genevieve Gilbert 11G
Bjorn Jonker 10D
Jaenne-Pierre Kleynhans 10B
Lisa Maré 11E
Estienne Williams 11F

Woensdag 13 Januarie
Ruan Reinhardt 9G
Chanél van Biljon 12A
Caroline van Vuuren 9G
Jurgens Viljoen 12A
Ruan Westraad 11F
Tian Westraad 11F

Donderdag 14 Januarie
Jeandré Koen 9D
André Lategan 12B
Janine van Niekerk 12B

Vrydag 15 Januarie
Maryke de Jager 12B
Desmick Kleinbooi 10D
Alexander Palm 9F

ONS GROOT OMGEEPROJEK

Vir baie mense mag dit dalk as ‘n verrassing kom, maar hier by Framesby word vir ‘n paar jaar reeds ‘n ongelooflike omgee-aksie bedryf waarvan min mense bewus is. **Dis ons MANNA-PROJEK.**

Min van ons weet regtig wat die Manna-projek behels en ons wil graag van die geleentheid gebruik maak om ‘n groep ma’s wat hierby betrokke is, te bedank vir hul onbaatsugtige diens agter die skerms. Hierdie ma’s kom elke dag van die week skool toe om vir ons minder bevoorregte kinders kospakkies voor te berei. Tans is daar 29 kinders wat uit hierdie projek baat en pouses ‘n eetdingetjie ontvang wat met groot liefde voorberei is.

Hierdie groep ma’s het vanjaar weer ‘n die ektra myl gestap om ook vir elkeen van hierdie kinders ‘n kerspakkie (op die foto’s) te voorsien. Hierdie pakkies bevat allerhande eetgoed vir die feestyd.

GROOT dankie ook aan elke persoon en besigheid vir die skenkings wat hierdie projek moontlik gemaak het.

Ontvang asb. hiermee die volgende seënwens: Galasiërs 6:9 “Laat ons dan nie moeg word om goed te doen nie, want as ons nie verslap nie, sal ons op die bestemde tyd ook die oes insamel.”

LANDSDIENERS STEEDS AAN DIE WOEL!

Twaalf van Framesby se Landsdienslede het onlangs ‘n 10de roeitog op die Sondagsrivier meegemaak. Die roete strek oor 14 kilometer, vanaf die Sondagsriviermond tot by Hudsonhut in die binneland. Langs die roete tref ‘n mens die broeiplekke aan van ongeveer 215 verskillende soort voëls. Die leerders is spesifieke opvoedkundige take gegee om uit te voer. Hulle het geleer om hulself te vermom en te verberg. Hulle het ook gekyk wie die visarende, reusereiers, wildsbokke en waterlikkewane eerste kon sien, terwyl reuse groot harders gereeld oor die kano’s gespring het!

Die Hudsonhut was ‘n welkome eindpunt en hier is gerus, in die rivier geswem, vleis gebraai en kampvuurstories vertel. Die Longdrops was vir baie ook ‘n nuwe ervaring! Die volgende dag het ons teruggeroei en die branders van Barkleybrug aangepak.

Hierdie is werklik iets wat ‘n mens nie sommer vergeet nie en ons beveel dit aan vir almal wat hou van die vrye natuur.

Die bouwerk aan die nuwe garages en klerewinkel vorder fluks en behoort in Februarie in gebruik geneem te word.

ALGEMEEN EN SIELSKOS

BO-AAN DIE LYS

WAARVOOR het Jesus gekom? Die Evangelie van Matteus sê dit duidelik: ``Jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos.'' (Matt. 1:21.) Aan die basis van al ons probleme in die wêreld lê die sonde. Of dit nou om ons persoonlike lewe gaan, of om ons lewe as gemeenskap en as mensheid: dit is die sonde wat alles vertroebel en die oorsaak is van alle kwaad. As Jesus werklik ons Verlosser moet wees, moet Hy ons van ons sonde verlos. Dit is tekenend van ons gebrek aan begrip van die aard van ons nood dat ons altyd weer dink dat daar dinge is wat belangriker en dringender is as die verlossing van ons sonde. Die ellende en druk van ons lewe, die bande wat ons op allerlei terreine bind, die armoede en die honger, die liggaamlike en geestelike pyn, die toestand van onreg in die wêreld - daarvan wil ons dringend bevry word. Maar by die wortel van al ons probleme gaan ons dikwels argeloos verby. Daarin is ons nie verskillend van die mense wat in die tyd van Jesus geleef het nie. Ook hulle het 'n hele lys van dinge gehad waarvan hulle bevry wou word. As die Romeine maar uit die land weggejaag kon word; as die belastingdruk maar verlig kon word; as die melaatsheid en die ander kwale maar genees kon word - dán sal alles soveel beter wees; dán sal daar tyd genoeg wees om aan die minder belangrike dinge soos die sonde aandag te gee! Uit die optrede van Jesus blyk dat Hy nie ongevoelig was vir die nood en ellende van die mense nie. Wie was meer met deernis teenoor die skare vervul wat weerloos en soos skape sonder 'n herder was? Wie het beter as Hy geweet van die pyn en ellende van siekte en dood waaronder mense kan versink? Wie het meer getoorn oor die onreg wat mense mekaar kan aandoen, en oor die ombarmhartigheid van die rykes en die magtiges? Niemand kan Jesus daarvan verdink dat Hy nie die ellende van ons lewe raakgesien het en die bevryding daarvan as die wil van God met woord en daad verkondig het nie. Maar dit het nie beteken dat Jesus die volgorde omgekeer het en die verwydering van die ellende hoofsaak gemaak het en die verlossing van die sonde na die tweede plek verskuif het nie. Nie net in die aankondiging van die engel aan Maria nie, maar ook in Jesus se eie verklaring van waarom Hy gekom het, staan die verlossing van die sonde voorop (Lk. 19:10). Soos die ou Nagmaalsformulier dit uitgedruk het: Jesus het gekom om ``die oorsaak van ons ewige honger en kommer'', dit is die sonde, van ons weg te neem. Daarom was Jesus 'n aanstoot na alle kante toe. Vir die mense van die gevestigde orde was Hy te revolusionêr, omdat Hy hul sonde ontbloot en hulle tot bekering geroep het. En vir die revolusionêre was Hy te slap, omdat sy volgorde verkeerd was. Want vir Jesus was die verlossing van sonde bo-aan die lys. En niemand wil graag 'n sondaar wees nie.

Uit *Die* Burger 19 Desember 1987

AD-MATHS-LEERDERS VAAR PUIK!

Framesby is sedert die begin van die jaar ‘n Ad-Maths-sentrum, en ‘n redelik groot groep van ons leerders maak van die geleentheid gebruik om hulself verder te bekwaam in Wiskunde deur hierdie gevorderde program te volg.

Die kurrikulum staan onder beheer van die Onafhanklike Eksamenraad, en die leerders lê ook die eksamens van hierdie Eksamenraad af. Ons wag tans vir ons Graad 12’s se uitslae, maar die 18 leerders (gr. 9 tot 11) wat vanjaar ingeskryf is, het uitstekende uitslae behaal deur die loop van die jaar. Die gr.11’s het die jaar afgesluit met ‘n gemiddeld van 79%.

Veels geluk met die pragtige uitslae en baie sterkte met 2016!

2016

Mag 2016, ons FEESJAAR, werklik 'n besondere jaar van baie liefde, omgee, respek, verantwoordelikheid, betroubaarheid, en GROOT afhanklikheid van ons Hemelse Vader, vir elkeen wees.